## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 292** **31 MAART 2017**

### DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
### WYSIGING VAN BYLAE NO. 6 (NO. 6/3/45)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 3 van Bylae No. 6 by bogenoemde Wet hiermee gewysig**, met ingang vanaf 5 April 2017,** in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**M JONAS**
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur Opmerking 6(b)(i) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

(i) Landbou, bosbou of mynbou op land, is 120 sent per liter brandstofheffing op 80 persent van geskikte aankope, **plus** 163 sent per liter Padongelukfondsheffing op 80 persent van geskikte aankope is gelyk aan 283 sent per liter op 80 persent van die **totale geskikte** aankope.

Metode van berekening van terugbetalling is as volg:

(aa) Vir 1 000 liter geskikte aankope -

1 000 x 80 persent is gelyk aan 800 liter waarvoor 'n terugbetaling van 283 sent per liter geëis mag word;

(bb) Vir 1000 liter aangekoop waarvan 300 liter ongeskikte aankope verteenwoordig, byvoorbeeld, vervoer van goedere teen vergoeding -

1 000 liter min 300 liter is gelyk aan 700 liter geskikte aankope x 80 persent is gelyk aan 560 liter waarop 'n terugbetaling van 283 sent per liter geëis mag

**Deur Opmerking 6(b)(ii)(gg) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

(gg) vaartuie aangewend vir die diens van veseloptiese-telekommunikasiekabels langs die kuslyn van Suider-Afrika,

is 300 sent per liter brandstofheffing, **plus** 163 sent per liter Padongelukfondsheffing is gelyk aan 463 sent per liter.

**Deor Opmerking 6(b)(iii)(bb) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

(bb) vaartuie deur in-hawe bunkervragskuitoperateurs gebruik,

163 sent per liter Padongelukfondsheffing.

**Deur Opmerking 6(b)(iv) in Deel 3 van Bylae No. 6 met die volgende te vervang:**

(iv) Lokomotiewe vir spoorvrag gebruik uitgesonderd dié gebruik vir landbou, bosbou of mynbou, soos in hierdie Opmerkings bepaal, is 163 sent per liter Padongelukfondsheffing.

**Deur Opmerking 6(b)(v) in Deel 3 van Bylae No. 6 die volgende te vervang:**

(v) Distillaatbrandstof vir gebruik uitsluitlik as brandstof deur elektrisiteitsopwekkingsaanlegte met 'n kapasiteit van meer as 200 megawatt per aanleg, wat krag opwek vir die nasionale verspreidingsnetwerk, is 150 sent per liter brandstofheffing, **plus** 163 sent per liter Padongelukfondsheffing is gely aan 313 sent per liter.